**LEEF JOU ROEPING – WEEK 1**

**DIE ROEPING VAN Jesaja – Jesaja 6:1-13**

Ek is oortuig dat God 'n baie duidelike roeping het vir elkeen van ons. Met hierdie reeks is die uitdaging om hierdie roeping nuut te ontdek en dit te begin leef! As deel van hierdie reeks gaan ons ook 'n ontdek jou gawes kursus doen, maar later meer hieroor.

My oortuiging is dat om jou roeping te ontdek nie 'n nuwe selfverbeteringsplan is nie, maar dit begin by 'n nuwe ontdekking en raaksien wie en hoe hierdie God is wat ons roep. Roeping impliseer tog dat daar Iemand is wat roep. Daarvoor gaan ons na 'n paar verhale in die Ou en Nuwe Testament kyk oor hierdie saak.



**Bid** eers saam vir hierdie reeks en ook dat God se roeping op elkeen van julle se lewens baie duidelik sal word.



**Lees Jesaja 6:1-13.** Wat tref jou met 'n eerste lees van die gedeelte?

..........................................................................................................................................

+ **As ons verklaar dat roeping in die eerste plek nie oor ons gaan nie,** maar oor die (E)en wat roep, wat wil hierdie gedeelte vir ons leer oor God? (Begin elke antwoord met die woorde: God is... en wat dink julle is die implikasie van elke antwoord). Kyk na verse 1-3, 5b, 8

  ***God is*** ..........................................................................................................................

  ***God is*** ..........................................................................................................................

  ***God is*** ..........................................................................................................................

  (*Niks is belangrik as hierdie ontdekking nie, want wie en hoe jou God is bepaal hoe jy Hom hoor en watterimpak HY op jou lewe het...)*

+ Vertel vir mekaar van **geleenthede in jou lewe** toe jy onder die indruk gekom het van God se heiligheid en watter impak het dit op jou gehad?wat help jou hiermee?

  ..........................................................................................................................................

+ **Wat** in ons lewe en die manier waarop ons met godsdiens besig is, **verklap dat ons eerste fokus nie altyd die heiligheid van God is nie?** En hoe kan ons dit verander?

  ..........................................................................................................................................
  ..........................................................................................................................................

+ Die ontdekking dat God heilig is het **twee reaksies by Jesaja**. Wat is hierdie twee (2) reaksies volgens v 5 en v 8?
  ..................................................................................................................................................
  ..................................................................................................................................................

+ Heiligheid het **alles uit te waai met my eie eerlikheid oor die werklike toestand van my lewe – v 5.**
  - Hoekom is dit so belangrik om op hierdie punt in jou lewe te kom voordat jy kan raaksien of hoor wat God se roeping vir jou is?
    ............................................................................................................................................
    ............................................................................................................................................

  - God se plan en roeping nou op die oomblik is baie duidelik dat jy moet skoon kom. Wat is daar wat jy kan doen om skoon te word en hoe kan julle mekaar as groep hiermee help? (*Gee genoeg tyd hiervoor in die groep*)
    ...........................................................................................................................................
    ...........................................................................................................................................

+ Die **tweede reaksie by Jesaja vind ons in v 8**. Vir die eerste keer in hierdie gedeelte **praat God**. Wat vra God?
  ..............................................................................................................................................

+ **Roeping het altyd te doen met gestuur-wees** en daarvoor vra God gewilligheid en gehoorsaamheid. Tog beteken dit nie dat ons altyd suksesvol gaan wees en mense na ons gaan luister nie – ook wat Jesaja ervaar het – **v 9-13**.

**Om saam te vat:**

Ons roeping begin by die ontdekking van God se..............................................................

Hierdie roeping challenge ons tot............................................................... en ....................................................



**Bid saam** oor die sake wat God op julle hart geplaas het...